



**Sentrum vir Optimale
Funksionering**

HOE GROEI BY MENSE PLAASVIND
SENTRUM VIR OPTIMALE FUNKSIONERING

GROWTH



HOE GROEI BY MENSE PLAASVIND

4 Modelle van Groei



4 MODELLE VAN GROEI

In Christelike kringe is daar breedweg 4 populêre modelle van denke oor hoe mense groei:

- Die Sondemodel
- Die Waarheidsmodel
- Die Ondervindingsmodel
- Die Bonatuurlike model

DIE SONDEMODEL

- Volgens die sondemodel is 'n persoon se sonde die oorsaak van al sy probleme.
- As jy 'n probleem in jou huwelik het, of jy sukkel met 'n emosionele probleem soos depressie, dan is die rol van die hulpverlener om die sonde in jou lewe te vind en jou daarmee te konfronteer, jou jou sondes te laat bely, te laat bekeer en jou dan aan te moedig om nie meer te sondig nie.
- As jy dit gedoen het, kan jy seker wees dat dit beter met jou sou gaan.
- Dit is baie soos die 3-punt preke wat eens op 'n tyd baie gewild was:
- God is goed
- Jy is sleg en vol sonde
- Stop daarmee
- Nog 'n weergawe van hierdie model, wat veral onder Charismate aangetref word, is dat agter elke bos 'n duiwel gesoek word. Wanneer die demoon uitgedryf is, kan die persoon weet sy probleem is opgelos en dat dit beter met hom sou gaan.

DIE WAARHEIDSMODEL

- Volgens die waarheidsmodel sal die waarheid jou vry maak.
- Indien jy nie “vry” is nie, indien daar ‘n area in jou lewe is wat nie lekker werk nie, dan moet dit wees omdat jy “waarheid” in jou lewe kortkom.
- Die hulpverlener se rol is dan om jou aan te moedig om meer Bybelverse te memoriseer, om meer Bybelse leerstellings te leer (veral dié oor jou posisie in Christus), om meer Bybelstudie te doen en dan sal al hierdie waarhede op een of ander manier hul weg van jou kop na jou hart vind en uiteindelik in jou emosies en gedrag.
- Skrifgedeeltes wat dit beklemtoon hoe belangrik dit is om die waarheid te ken, om jou denke te vernuwe en hoe jy in jou hart “dink”, word ‘n nuwe teologie van “bedink die waarheid om emosionele welstand te kry.”

DIE ONDERVINDINGSMODEL

- Volgens die ondervindingsmodel moet jy deurdring tot by die kern van die pyn in jou lewe – vind die mishandeling of die seer – en dan moet jy dit op een of ander manier uitkry.
- Voorstanders van die meer geestelike weergawe van hierdie model neem óf die pyn na Jesus, óf Jesus na die pyn.
- In ‘n soort van emosionele argeologie, word die seer van die verlede oopgekrap en dan word genesing deur gebed, en/of visualisering verkry.
- Voorstanders van hierdie model beklemtoon Jesus se vermoë om nie aan tyd gebonde te wees nie, Hy kan “daar” in jou pyn wees en dit verander.

DIE BONATUURLIKE MODEL

- Hierdie model het baie variasies.
- Charismate soek onmiddellike genesing en verlossing; ander vertrou weer op die Heilige Gees om die verandering te bring soos Hy deur hulle lewe.
- Diegene wat glo dat jy net uit die pad moet kom sodat Christus Sy lewe deur jou kan lewe, vertrou God om hulle te lei en die verandering in hulle tot stand te bring, terwyl “geduldig” op God gewag word daarvoor.

DIE WAARDE VAN DIE 4 MODELLE

- Alhoewel daar waarde in al 4 modelle is, moet ons erken daar is bepaalde gebreke by elkeen van hierdie 4 modelle.
- Alhoewel dit beter met mense gaan en hulle tog 'n sekere mate van verligting kry deur bogenoemde modelle, bring dit nie altyd totale genesing en groei nie.
- Dit is belangrik om van die volgende kennis te neem:
- Bogenoemde modelle los nie alle probleme op nie.
- Lewensprobleme word “gehelp”, maar nie “genees” nie; mense word meestal net gehelp om beter te “cope”.
- Twyfel en worsteling in geloof volg wanneer bogenoemde modelle nie totale genesing bring nie.
- Geestelike groei wat op goeie teologie gegrond is, behoort mense se probleme baie meer en beter te help oplos as wat gewoonlik die geval is.

CHRISTENE LEEF 2 LEWENS

- Die grootste “fout” wat Christene maak, hulpverleners daarby ingesluit, is dat hulle ‘n twee lewens leef.
- Daar is ‘n lewe vir Maandag tot Saterdag en daar is ‘n lewe vir Sondag.
- Sondae is daar vir ons geestelike lewe, maar deur die week sukkel ons om antwoorde te kry op al ons “beestelike” probleme.
- Sondae kan die Bybel vir ons antwoorde verskaf vir ons geestelike probleme wat nie eintlik kan help vir die probleme wat ons deur die week in die gesig staar nie.

AS GOD DAN DIE ANTWOORD OP AL ONS PROBLEME IS, WAAROM SUKKELE ONS SO?

- Hierdie tweespalt in ons lewens het alles te doen met 'n gebrek aan antwoorde op die volgende vrae:
- Wat is ware lewe?
- Hoe sien jy die mens (wat is jou mensbeskouing)?
- Hoe vind daar verandering (groeï) by die mens plaas?
- Die antwoorde op hierdie vrae lei tot die ontdekking dat alles wat 'n mens oor hulpverlening leer (dit sluit alle dissiplines soos Sielkunde, die Neurowetenskap in) staan in die Bybel.
- Al die prosesse wat mense se lewens verander, staan in die bladsye van die Bybel opgeteken.
- Die Bybel help mense groei op verhoudings-, emosionele, sowel as geestelike areas.

ALLE GROEI IS GEESTELIKE GROEI

- Wanneer die Bybel korrek geïnterpreteer word, en wanneer die wetenskap korrek beoefen word, is daar geen tweespalt nie.
- God openbaar Hom nie net deur Sy Woord nie, maar ook deur Sy skepping.
- So hoe kan daar dan 'n teenstrydigheid wees tussen die wetenskap en die Woord?
- Sondae is dus nie daar vir ons geestelike probleme en weekdae vir ons emosionele en verhoudingsprobleme nie.
- Daar is nie 'n verskil tussen geestelike, emosionele en verhoudingsgroeï nie.
- Alle groei is geestelike groei.
- Tydens die werkwinkel word (onder andere) die praktiese implikasies van hierdie vertrekpunt hanteer asook die praktiese implikasies van die volgende 2 vrae:
- Wat help mense groei?
- Hoe pas hierdie prosesse in by ons ortodokse begrip van geestelike groei en teologie?

OM IN TE SKRYF

Kliek op die volgende skakel:

[HOE GROEI BY MENSE PLAASVIND](#)

Hoe Groei By Mense Plaasvind!	Gewone Opsie	Bonus Opsie
Kursusnotas		
'n Kragtige 12 weke Bybelstudieprogram om geestelike groei te bevorder (PDF-formaat) Waarde: R200.00		
Kursusfooi (moet 3 werksdae voor die werkwinkel inbetaal word om jou plek te verseker)	R 1 150.00	R 1 250.00
Early Bird Special	R 920.00	R 1 000.00